Primêre Skool **PARYS** Primary School
DIEN EN OFFER

**Afrikaans Huistaal** | **MAART 2023**
**Graad 4** | **TAAK 3**
**Assesseringsinstrument: NASIENRIGLYNE**
**Totaal: ___/40**
**Eksaminator: BC. Dednam**
**Moderator: J. Marais**
**Naam: ____________________________________ Gr. 4 ____**
**Datum: ___________________**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: | Leesbegrip | (15) |
| VRAAG 2: | Visuele teks | (10) |
| VRAAG 3: | Taalstrukture | (15) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Kyk na jou spelling en sinskonstruksie.

4. Skryf netjies en leesbaar.

5. Skryf **<u>AL</u>** jou antwoorde in vol sinne.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: STORIE**

**Die worteltjie wat nie geëet wou word nie.** **-Corli Putter-**

1 Eendag was daar 'n worteltjie wat saam met die ander groente in die groentetuin gewoon het. Elke oggend pluk die boer van die groente en vat dit mark toe. "Hoekom gaan daardie groente mark toe?" vra die worteltjie. "Sodat mense hulle kan koop en eet," antwoord 'n groot radys. Die worteltjie se ogies rek. "Ek wil nie geëet word nie!" roep hy benoud uit.

2 Daardie aand toe al die groente al slaap, sluip die worteltjie saggies by die groentetuin uit en hardloop só ver weg as wat sy wortelblaartjie-beentjies hom kan dra! Na 'n rukkie is die worteltjie moeg van die hardloop, en besluit om eers bietjie te rus. Hy gaan lê onder 'n boom, maar voor hy sy ogies kan toemaak, sien hy 'n hasie wat vir hom sit en loer. "Sjoe!" sê die worteltjie verlig. "Ek het gedink jy is 'n mens! Mense eet wortels soos ek! Gelukkig is jy net 'n hasie…" Die hasie antwoord hom nie…Hy lek net sy honger lippies af en hop 'n bietjie nader aan die worteltjie!

3 Net toe die hasie na die worteltjie wil HAP, spring die worteltjie op en strek sy armpies. "Dit is tyd dat ek aanstap," sê hy en draf verder in die voetpaadjie af. Die hasie sug. Hy was lus vir daai soet worteltjie! Nou sal hy maar aan 'n stukkie gras moet kou.

4 'n Entjie in die voetpaadjie af kry die worteltjie 'n donkie wat aan die grassie staan en kou. "Weet jy dalk waar ek vanaand kan slaap?" vra die worteltjie, en hy gaap. Die donkie lek sy lippe af. "Jy lyk baie moeg," sê hy. "Kom spring in my bek – dan dra ek jou."

5 Voor die worteltjie kan antwoord, tel 'n mense-dogtertjie hom aan sy blaartjies op! "Moenie my eet nie!" gil hy kliphard en knyp sy ogies toe.

6 "Ek wil jou nie eet nie." lag die dogtertjie. "Ek red jou, want daardie donkie wou jou eet! En as jy hier bly, gaan my ma jou verseker vang en gaarmaak vir aandete. Dan moet ek jou eet en ek hou GLAD nie van worteltjies nie! Toe, maak dat jy wegkom en gou.

7 "Dankie!" roep die worteltjie verlig toe sy hom op die grond neersit. Hy groet, en hardloop dadelik terug na die groentetuin. Hy kan nie wag om vir die ander groente te gaan vertel dat hulle die hele tyd verkeerd was nie. Mense hou nie van wortels nie!

http://www.kleuters.co.za/images/kinderstories/uitgawe98%2006_05_2015.pdf laas besoek op 9 Des. 2022

1.1 Noem TWEE van die karakters uit PARAGRAAF 1.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.2 Watter ander TWEE groentesoorte, dink jy, kon saam met die worteltjie in die groentetuin gebly het?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.3 Waarom het die worteltjie uit die groentetuin weggehardloop?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.4 Hoe verskil die worteltjie van die ander groente in die groentetuin?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.5 Kon die worteltjie ‘n plan beraam sodat die hasie hom nie eet nie? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.6 Wou die donkie werklik die worteltjie dra omdat hy hom jammer gekry het? Motiveer jou antwoord.

____________________________________________________________

___________________________________________________________ (1)

1.7 Gee een woord in paragraaf 5 wat dieselfde beteken as *skreeu*.

______________________________________ (1)

1.8 Wat weet ons van die dogtertjie nadat ons paragraaf 6 gelees het?

____________________________________________________________

___________________________________________________________ (1)

1.9 “Dankie!” roep die worteltjie verlig toe sy hom op die grond neersit.

Kies die regte antwoord. Omkring die regte antwoord.

“Die worteltjie was verlig”, beteken ...

A hy was dankbaar.

B hy was bang.

C hy was kwaad.

D hy was angstig. (1)

1.10.1 Dink jy dis ‘n goeie idee om jou eie groentetuin te hê? Motiveer jou antwoord.

__________________________________________________________

__________________________________________________________ (1)

1.10.2 Watter TWEE groentesoorte sal jy in jou groentetuin plant?

__________________________________________________________

__________________________________________________________ (2)

**[15]**

**VRAAG 2**

Kyk na die volgende visuele teks en beantwoord die vrae wat volg:




https://www.facebook.com/13edengarden.co.za laas besoek op 9 Des 2022

2.1 Verduidelik in jou eie woorde in 'n volledige sin wat jy sal leer as jy die kursus bywoon?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.

Almal kom by Arina se groentetuin bymekaar waar die kursus aangebied word.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.3 Omkring die regte antwoord uit die volgende.

Plante, bome, blomme en sade word gekoop by ‘n

______________________________________

a. kwekery

b. hardeware winkel

c. kafee (1)

2.4 Word die kursus in die oggend, middag of aand aangebied? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________

______________________________________ (1)

2.5 Gee een woord uit die teks wat aandui dat jy ‘n wye verskeidenheid aspekte in die kursus sal leer.

______________________________________ (1)

2.6 Watter mense sal die kursus wil bywoon?

______________________________________

______________________________________ (1)

2.7 In watter TWEE seisoene moet jy saad plant volgens die advertensie?

______________________________________

______________________________________ (2)

Sal jy graag hierdie kursus wil bywoon? Motiveer jou antwoord.

______________________________________

______________________________________ (1)

**[10]**

## TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

## VRAAG 3

**Lees die volgende grappies en beantwoord die vrae wat volg.**

**Teks 1**

| |
|---|
| **Resep vir verslankers**<br>2 l water<br>1 ertjie<br><br>1. Plaas die ertjie in die water en kook 'n halfuur.<br>2. Wanneer sop te <u>dik</u> word, verwyder ertjie en dien op. |

3.1 Watter tipe sinne is die volgende sinne?

3.1.1 Watter soort sop is jou gunsteling sop? ______________________________ (1)

3.1.2 Plaas die ertjie in die water en kook 'n halfuur______________________ (1)

3.2 Verdeel die volgende woorde in lettergrepe.

3.2.1 verwyder ______________________________________________ (1)

3.2.2 ertjie ______________________________________________ (1)

3.3 Kyk na die volgende sin en gee die antoniem vir die woord *dik*.

Wanneer sop te <u>dik</u> word, verwyder ertjie en dien op.

_________________________________________ (1)

**Teks 2**

| |
|---|
| Klant: "Is jou druiwe soet?"<br><br>Verkoper: " Ja, kyk net hoe mooi stil lê hulle." |

3.4 Skryf die volgende sin in die verlede tyd.

Is jou druiwe soet?

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

3.5 Skryf die volgende sin in die toekomende tyd.

Die druiwe lê mooi stil.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

3.6 Gee die intensiewe vorm vir die volgende woord uit teks 2.

stil ____________________________________________ (1)

3.7 Gee die rede vir die gebruik van die vraagteken in die sin "Is jou druiwe soet?"

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

**Teks 3**

| |
|---|
| Hoekom wil Jan nie by die groentewinkel verbystap nie?<br><br>Hy is bang hy kry pampoentjies. |

3.8 Pas die woorde in kolom A by die woordsoorte in kolom B. Skryf slegs die regte letter (a-c) neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 3.8.1 Jan | a. werkwoord |
| 3.8.2 verbystap | b. selfstandige naamwoord |
| 3.8.3 bang | c. byvoeglike naamwoord |

3.8.1 ______________________________

3.8.2 ______________________________

3.8.3 ______________________________ (3)

3.9 Skryf die woord wat verkeerd gespel is in die volgende sin korrek oor.

Jan moet more na die groentewinkel gaan, maar hy is doodbang hy kry pampoentjies.

______________________________________________________________(1)

3.10 Gee die MEERVOUD van die volgende woorde:

3.10.1 winkel: ________________________________ (1)

3.10.2 pampoen: ________________________________ (1)

**[15]**

**GROOTTOTAAL: [40]**